

ARBEIDSBEDIENING JAARVERGADERING
Van 10 tot 11 Junie 1997 te Paarl

GREPE UIT DIE BEDIENING SE EERSTE 100 JAAR

DIE EERSTE VYFTIG JAAR - DS B.J. PIENAAR

BEGIN VAN DIE WERK

Die werk wat vandag bekend staan as Arbeidsbediening het begin as die Spoorwegsending in die laaste dekade van die vorige eeu. Dit was in die tyd toe die N.G. Kerk sterk bewus geword het van die geestelike en materiële nood van die duisende Afrikaners (lede van die Kerk), wat sedert 1870 as gevolg van die ontdekking van diamante en goud, uitmer-gelende droogtes en die runderpes, van die plase gedrywe is na 'n onsekere toekoms op die delwerpe, myne en stede.

Die sinode van 1894 het 'n Kommissie vir 'n Arbeidsbureau in die lewe geroep, wie se taak dit was om vir die ontworteldes werk te probeer vind. Hy rapporteer aan die sinode van 1897 dat hy gedurende die reses vir 232 "arme jongelinge" werk gevind het by die Spoorweë, Pos- en Telegraafkantore, handelshuise, boereplase, polisie ens. In 'n bylae tot hierdie verslag is 'n brief van Mnr T.R. Price, hoofbestuurder van Trafiek van die Kaapse Goewermentspoorweë, waarin hy aankondig dat aansoeke ingewag word vir Stasie-voormanne en die vereistes waaraan aansoekers moet voldoen uiteengesit word.

Dit was duidelik dat 'n baie groot getal lede van die kerk reeds deel uitgemaak het van die spoorwegpersoneel, hoofsaaklik as arbeiders en lae rang bestuurders. Hierdie mense was dwarsoor die Kolonie langs die spoor versprei, die meeste buite die bereik van die gereëde kerklike bediening. Groot bekommernis oor hierdie toestand, noop drie predikante van gemeentes, wat groot sametrekkinge van spoorwegwerkers binne hulle ge-meentegrense gehad het om twee beskrywingspunte aan die sinode van 1897 voor te lê. Di G.A. Scholtz van Colesberg met Noupoot en A.H. Hofmeyr van Hanover met De Aar as gemeentewyke lê die een beskrywingspunt voor en Ds D.J. Pienaar van Uitenhage die ander. Die beskrywingspunt van Di Scholtz en Hofmeyr lui soos volg: *"Een geordende leeraar of zendeling worde aangestel om het groot getal leden en huisgezinnen behoorende tot onze kerk en wonende langs den spoorweglijn en bij de verschillende staties op te zoeken en te bearbeiden."*

Die beskrywingspunte is na 'n Tydelike kommissie verwys wie se verslag op Woensdag 10 November aan die orde kom en op 11 November in samehang met die verslag van die Kommissie vir 'n Arbeidsbureau behandel word. Die verslag konstateer die feite dat daar 'n groot aantal persone wat aan die NG Kerk behoort in diens van die

Spoorwegdepartement is; dat dit uiters moeilik, indien nie onmoontlik is nie vir ons leraars, veral in die Oos- telike Provinsie, deur wie se parogieë die spoorweg gaan, om hierdie lede van ons kerk, behoorlik te besoek en geestelik te versorg; dat leraars van die Kerk van Engeland, as gevolg van konsessies wat hulle van die Regering verkry het, instaat gestel word om die lede van ons kerk te besoek, hulle kinders te doop en hulle te oorreed om na die genoemde kerk toe oor te gaan. In die lig hiervan word dan aanbeveel:

1. Die aanstelling van 'n geordende leraar of sendeling teen 'n salaris van ongeveer £200 p. j. en van minstens één helper teen 'n salaris van £60 p. jaar.
2. Dat gemeentes by wyse van omskrywes tot bydraes opgeroep word.
3. Dat die arbeider en sy helper sal werk onder toesig van 'n Kommissie van drie lede, in oorleg met die verskillende kerkrade binne wie se ressort die arbeid sal plaasvind.
4. Dat die arbeider en helper onder die tug sal staan van onderskeidelik die ring en kerkrade binne wie se grense hulle woon.
5. Dat samewerking met die NG kerk in die Oranje Vrystaat gesoek word.

Die kommissie kondig verder aan dat die Regering bereid is om 'n spoorwegrytuig vir die werk in die Oostelike Provinsie aan ons Kerk beskikbaar te stel en dat die Spoorweg Sending (the Railway Mission) wat 'n dergelike rytuig op die westelike lyne het, baie gewillig is om met die kerk saam te werk en wanneer vereis, rytuie te wissel sodat hulle in die Oos- telike Provinsie en ons in die Westelike Provinsie kan werk. Dit word aanbeveel dat die Regering bedank word vir die tegemoetkoming en dat die beherende Kommissie volmag verkry om met die Railway Mission, wanneer nodig, rytuie te wissel en op ander maniere saam te werk.

Die sinode, klaarblyklik diep onder die indruk van die erns van die saak, het die aanbevelings van die verslag met die enkele uitsondering, dat die vasstelling van die salarisse aan die kommissie oorgelaat word, eenparig aanvaar. As eerste Kommissie vir die Bearbeiding van ons Lede langs die Spoorweg word, soos mens byna kan verwag, die drie voorstellers van die twee beskrywingspunte benoem t.w. Di G.A. Scholtz, A.H. Hofmeyr en D.J. Pienaar A. sn. Laasgenoemde is tot voorsitter gekies en ds Scholtz tot scriba. Ds Hofmeyr is tot leedwese van die kerk gedurende die reses oorlede.

EERSTE INISIATIEWE

Die kommissie het direk na afloop van die sinode 'n omsendbrief aan alle kerkrade gestuur vir ondersteuning, maar slegs van 38 bydraes ontvang. Onderhandelings met die Algemene bestuurder van die Spoorweë oor 'n eie rytuig vir die arbeider het na 'n jaar nie vrug opgelewer nie. Daar is toe besluit om saam te werk met die Railway Mission. Intussen is die dienste bekom van teologiese student Conradie vir een maand in 1898. Hierdie persoon was dus eintlik die baanbreker van die Spoorwegsending van die Kerk.

Vanaf 1 April 1899 is 'n ooreenkoms met die Railway Mission gesluit om die heer M. le Roux, wat in die RM se diens was, vir die kommissie se rekening oor te neem, teen 'n salaris van £6 per maand, met die voorwaardes dat hy maandeliks aan die kommissie verslag doen van sy werk en dat hy die naaste leraar van ons Kerk kennis gee van ongedoopte kinders van lede van ons Kerk in spoorwegdiens. Le Roux was besig met die werk van 1 April 1899 tot 30 Junie 1901 toe dit weens die Anglo-Boere-oorlog gestaak is en spoorwagsendingrytuie nie langer op die spoor toegelaat is nie. Die oorlog het ook die samewerking met die Kerk oorkant die Oranjerivier onmoontlik gemaak.

Die werk is eers kort voor die sinode van 1903 hervat en Le Roux is versoek om daarmee voort te gaan tot by die sinodesitting. Hierdie sinode het hom weer sterk ten gunste van die werk en die uitbreiding daarvan uitgespreek, en by kerkrade om gereelde ondersteuning daarvan aangedring. Di Pienaar en Scholtz is weer as lede van die kommissie benoem en ds P. van der Merwe van Beaufort-Wes as derde lid.

DIE WERK OP VASTE VOET

Die kommissie het dadelik aan die werk gespring om tot die aanstelling van 'n arbeider oor te gaan. In Maart 1904 het dit hulle geluk om die dienste van Eerw. H. Blomerus te verkry. Hy het met seën gearbei tot in Desember van dieselfde jaar. Toe het die Here die kommissie gelei na die man wat Hy reeds op 'n besondere wyse vir die taak voorberei het en wat aan die end van 1904 sy opleiding as sendeling aan die Sendinginstituut te Welling- ton voltooi het t.w. Eerw. B.J. Pienaar, 'n seun van die gemeente Nu-Bethesda. Die scribe, ds Scholtz het hom per brief genader om die geestelike versorging van die lede van die NG Kerk langs die spoor te aanvaar. Hy het nie gehuiwer nie, omdat hy seker was dat die Here hom daartoe geroep het. Na persoonlike onderhoude met ds Scholtz en ds Pienaar en nadat hy te Uitenhage die konstruksie van sy "coach" (spoorwa) besigtig het, het hy aan die end van Februarie 1905 met die werk, waarmee hy 51 jaar lank sou besig wees, begin.

In sy boek *Vyf-en-veertig Jaar langs die Spoor* wat in 1949 verskyn het, gee Ds Pienaar 'n boeiende beskrywing van sy ervarings, veral in die beginstadium van die werk. Binne 'n maand word Noupoot sy tuisbasis - hy noem dit sy Antiogië. Hy neem dadelik statistieke op, op die oostelike lyne, en oortuig die Departement dat daar by die 500 lede van die NG Kerk onder die personeel is en dus fasiliteite vir 'n arbeider van die Kerk regverdig. Op 15 Julie 1905 word hy op Nu-Bethesda deur ds C.H. Radloff met handoplegging bevestig.

Op 23 November 1908 tree hy op Lady Grey met 'n Mej. Fouché in die huwelik. Hulle vestig hulle op Noupoot. Tot haar dood op 21 September 1935 sou Mev. Pienaar 'n reuse-aandeel hê in belangrike aspekte van die werk langs die spoor.

DIE GRONDSLAG VAN DIE WERK GELÊ

Eerw. Pienaar moes sy pad voel. Volgens sy eie getuienis was die grootste vereiste aan hom gestel, takt, takt en nogmaals takt. Sy arbeidsveld het gestrek oor die ganse administrasie van die Kaapse Spoorweë, 'n netwerk van ongeveer 4 420 km, met 2240 persone wat aan die NG Kerk behoort het (1908). Hy het vir hom 'n reisprogram in afgebakende skofte opgestel. Gedurende elke reis was die "coach" sy huis, wat op bepaalde stasies of "sidings" afgehaak is, en 'n trapfiets sy vervoermiddel. In alle weersomstandighede en met ontelbare papwiele het hy jare lank die mense langs die spoor opgesoek. Later het 'n motorfiets die fiets vervang en nog later het hy gebruik kon maak van die stootrollie en die motortrollie. Mev. Pienaar het hom veral aan die begin, toe die kinders - daar was 5 - nog klein was op die "coach" vergesel en die mense, veral die vroue en die kinders op die stasies opgesoek en gehelp.

Eerw. Pienaar se metodes was prediking, huisbesoek, spoorbesoek, traktaatverspreiding, plasing van Bybels in wagkamers en berading. Sy hoofdoel was nie om sakramente te bedien nie, maar die mense te bereik "in hegge en langs die weë", m.a.w. pastorale sorg. Met elke besoek het hy 'n "visitekaartjie" nagelaat en 'n woord tot die kleinspan gerig. Hy het Woordgesprekke gevoer in huise, in die oop veld en orals, ook by aflosspanne waar tot oor die 100 werkers bymekaar was. Sy beleid was om ten alle koste nie, soos hy dit noem, 'n *imperium in imperio* (kerk binne 'n kerk) tot stand te bring nie. Hy het altyd 'n goeie verstandhouding met die kerkraad en predikante van die gemeente binne wie se grense hy gewerk het nagestreef en sy werk as aanvullend tot die van die gemeentebediening gesien. Hierdie houding het die sukses van sy werk verseker.

Van Eerw. Pienaar het hierdie pionierswerk die uiterste takt, wysheid en oorleg geverg teenoor die Spoorwegadministrasie, die Kerk en die "gemeente" langs die spoor. Maar dit het ook geweldige streng diëet-dissipline ('n goeie maag) gekos weens die uitputtende program wat hy moes volg. Hy was voortdurend oorstroom van briewe van talle wat werk en hulp gesoek het en vir wie hy probeer help het en daar was soms swak respons van predikante op sy toenaderings. Hy getuig dat hy dikwels doodmoeg van die werk was maar nooit moeg vir die werk nie.

DIE WERK BREI UIT

Die Kommissie rapporteer aan die sinode van 1919 dat die werk steeds uitbrei ten spyte van die stremminge van die Eerste Wêreldoorlog en die Griepiepidemie van 1918. In 1906 was daar 1 931 siele onder bearbeiding en in 1919 reeds 4 500. Besondere probleme wat ondervind word is dat die mense langs die spoor voortdurend van woonplek verander en dus nie op een plek kan wortel skiet nie. Ook is vreemde invloede en ideologieë in omloop en veral dié wat mense opmaak teen gesag. (Moontlik die kommunisme?)

Daar was 'n skreinerende tekort aan werkers, maar die Kommissie het nie tot nog aanstellings oorgegaan nie om twee redes, (a) Die Spoorwegdepartement sou die spesiale konsessies van die arbeider terugtrek en (b) kerkrade sou hulle verantwoordelikheid vir die versorging van die lede langs die spoor afskuif op die Spoorweg Sendingkommissie. Hierdie twee oorwegings het vir die kommissie geldig gebly vir die hele bedieningstyd van Eerw. Pienaar ten spyte van herhaalde sinodebesluite dat meer arbeiders aangestel word.

Die Kommissie het die beter bearbeiding van spoorwerkers langs die volgende weë gesoek:

1. 'n Pamflet is versprei om spoorwerkers en kerkrade nader aan mekaar te bring.
2. Spoorwegoutoriteite is genader om meer fasiliteite beskikbaar te stel sodat arbeiders eredienste beter kan bywoon.
3. Aanmoediging van Ringe tot gemeentestigting waar groot konsentrasies van arbeiders was soos Rosmead, Stormberg, Cookehouse, Noupoot en Touwsrivier.
4. Die Spoorwegarbeider moes as eerste prioriteit die herderlike besoek en siele-arbeid stel, benewens doop en huweliksbevestiging.

Hy rapporteer verder dat kerkrade toenemend die erns van hulle verantwoordelikheid teenoor die spoorwerkers besef. Die Ring van George meen dat kerkrade in sy ressort volle verantwoordelikheid moet aanvaar, dan kan die spoorwegarbeider elders aandag gee.

Op grond van hierdie verslag besluit die sinode soos volg:

Met die oog op groter nood elders sal die spoorwegsendeling nie langer die spoorwegarbeiders in die Ringsressorte van Kaapstad, Paarl, Stellenbosch, Clanwilliam, Tulbagh, Swellendam, George en Beaufort bearbei nie. Die werk daar sal direk onder die kerkrade van die betrokke gemeentes berus. Die bearbeiding van spoorwegarbeiders in Rhodesië en SWA word aan die spoorwegsendeling opgedra en die reëling hiervan asook in die nie-genoemde Ringe aan die Spoorweg Sendingkommissie opgedra.

KONSOLIDASIE VAN DIE WERK

Die sinode van 1919 het die patroon vir die werk vir die volgende 40 jaar vasgelê. Tot by sy aftrede sou die arbeider 'n spoornetwerk van byna 11 000 km, wat gestrek het van Walvisbaai via die Kaapprovinsie tot by Bulawayo, bedien. Dat hy dit kon doen en so doeltreffend kon doen is net te danke aan die Here se groot genade en die arbeider se besondere charismatiese begaafdhede.

In 1932 rapporteer Eerw. Pienaar aan die sinode oor sy werksaamhede. Een van sy suksesvolste hulpmiddels om die band tussen spoorwerker en sy Kerk te behou en versterk was die muuralmanak wat hy ontwerp en jaarliks versprei het. Baie is ook gedoen aan kolportasie. Die kerk toon toenemende belangstelling in die werk. Hy sien sy werk as van "aanvullende aard" en bedoel om die verband tussen ons mense en die

Kerk te help bewaar en nie om hoofrol te speel nie. Hy pleit vir 'n verandering van die naam van die kommissie na Kommissie vir Spoorweg-evangelisasie of iets dergeliks. Hy rapporteer sy uiterste omsigtigheid by doopsbediening. Sakramente wat hy bedien geskied meesal onder die "praesidium" van die plaaslike leraars.

Die werk is hoofsaaklik pastoraal en geestelik. Dit bestaan meer uit redenasies as predikasies, d.w.s. meer pastorale- as preekwerk. Hy het 'n goeie verhouding tot die Administrasie en die welvaartbeampes. Vir die eerste keer rapporteer hy oor die spoorvervoer met die "Buda-motortrollies". Nuwe tegniek het groter beweeglikheid moontlik gemaak.

Die sinode was soos altyd ingenome met die verslag, maar dit was eers by die sinode van 1936 dat die naam van die kommissie verander is tot "Sinodale Kommissie vir Arbeid aan die Spoorwegpersoneel". Terselfdertyd is die sinsnede in die artikel van die Kerkwet wat oor die werk van die Spoorwegarbeider handel en lui "meer doeltreffende bearbeiding" verander na "addisionele bearbeiding". 'n Suiwer beginsel is vasgelê.

DIE ARBEIDER SE STATUS

In sy verslag aan die sinode van 1936 versoek die Spoorwegsendingkommissie dat predikantstatus aan Eerw. B.J. Pienaar toegeken word. Die behandeling van hierdie aangeleentheid werp interessante lig op die statuskwessie rondom sendeling en predikant wat die NG Kerk vir jare lank in spanning gehad het. Ons kan dit nie hier in besonderhede behandel nie. Daar kan net op gewys word dat die redes wat vir die versoek gegee word 'n gloeiende getuiskrif vir Eerw. Pienaar uitmaak. Dit is gesteun deur 'n petisie van byna 4 000 petisionarisse van alle range van die spoorwegpersoneel. Benewens die voortreflike werk wat hy as geestelike versorger gedoen het, word met waardering gewag gemaak van die rol wat hy gespeel het t.o.v. bemiddeling tussen spoorwerkers en administrasie in sake rakende behuising, skoolaangeleenthede, bevorderings, vermeende onreg, welvaartsake ens. 'n Voorstel dat predikantstatus aan Eerw. Pienaar verleen word is deur die sinode met 'n klein meerderheid afgestem, maar die sinode van 1940 het dit wel toegestaan, teen die aanbeveling van die Tydelike Regskommissie in. Vanaf daardie sinode is hy dan ook as dominee aangespreek.

DIE LAASTE BEDIENINGSJARE VAN DS PIENAAR

Die sinode van 1940, wat twee jaar na die simboliese ossewatrek plaasgevind het en een jaar na die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het ook die tekens van die opbloeiende Afrikaner nasionalisme begin weerspieël. In die verslag van die Kommissie en Ds Pienaar is daar 'n merkbare klemverskuiwing na die belangrikheid vir die heil van die spoorwerkers van kultuurbedrywighede soos die ATKV, die Sarah Ann Club, die Botterskema, die Groenteklub en die belangrikheid van die vordering van lidmate van ons Kerk in die Spoorweg hiërargie. Ds Pienaar het weens sy kontak en vriendskap met

so baie spoorwegmense, en veral dié van sy lidmate wat hoë posisies in die spoorwegadministrasie bereik het, meer en meer 'n sleutelrol in die skepping en bestending van goeie verhoudinge in hierdie tyd van hoogspanning gespeel.

Ds Pienaar het 'n lang en geseënde bediening gehad. Hy het oor 'n besondere werkkrag beskik en hy het dit tot in sy gryse jare behou. Dit was slegs gedurende die laaste paar jaar voor sy aftrede dat dit duidelik geword het dat sy kragte afgeneem het. Maar hy het nooit in ywer verslap nie. Hy het noukeurig boek gehou van al sy bewegings en hande-linge deur die jare. Daarom kon hy na 35 jaar in die werk rapporteer dat hy 2 627 200 km (4 maal om die aarde) afgelê het, soms te voet, soms per rywiel, dan weer per stootrollie en eindelijk per motortrollies en treine. In daardie tyd het hy ongeveer 3 000 kinders gedoop en so "skaapstelery" deur ander kerke afgeweer. Daar was nooit enige klagte dat hy afgewyk het van die beleid van "aanvullende bediening" nie en dat hy imperium in imperio bevorder het nie.

Die kommissie rapporteer op die sinode van 1949 dat ds Pienaar gedurende die reses 284 678 km afgelê het, 416 dienste gehou en 6 760 gesinne en persone besoek het. Ook rapporteer hulle oor die geweldige toename van die kulturele bedrywighede by die spoorwegpersoneel onder leiding van die ATKV, die SAS Vrouebeweging en die welsynsdienste.

Beïndruk deur die omvang van die werk besluit die sinode dat met die geestelike werk langs die spoor voortgegaan word en dat dit volgens Art 349 aan die Kommissie vir Arbeid onder die Spoorwegpersoneel opgedra word om, soos die fondse dit toelaat, die werk uit te brei.

Maar die belangrikste besluit i.v.m. die spoorwegbediening wat by hierdie sinode geval het was die goedkeuring vir die skepping van 'n Gefedereerde Spoorwegkommissie wat sou bestaan uit een lid van die sinode en die spoorwegarbeider van elke provinsie plus 3 senior spoorwegpersoneellede wie se werksaamhede sou behels (a) die behartiging van sake rakende beleid en die algemene belange van die spoorwegbearbeiding, (b) die verdeling van fondse en (c) verslag aan die sinodes en spoorwegadministrasie. Hierdie kommissie het 'n werklikheid geword en die bestuursmodel word tot vandag toe in Arbeidsbediening gevolg.

Ds Pienaar was nie by die sinode van 1953 teenwoordig nie weens siekte. Uit die statistieke gerapporteer was dit duidelik dat sy kragte afgeneem het. Hy was reeds 74 jaar oud en soms siek. Die Kommissie het 'n hulpleraar aangestel tot einde 1953 en was voornemens om 'n vaste mede-spoorwegleraar te beroep. Die sinode wou egter nie 'n tweede leraar goedkeur nie.

Op 11 Oktober 1956 het die waardige pionier van die arbeid onder die spoorwegpersoneel sy emeritaat aanvaar, hooggeag en baie geliefd deur sy Kerk en die duisende "lede van die NG kerk langs die spoor" wie se paaie met syne gekruis het in die loop van 51 jaar.

Ds E.J. Marais van Leeu-Gamka is in sy plek beroep en hy het dadelik die werk met ywer voortgesit.

TYDPERK VAN HERBESINNING EN NUWE INISIATIEWE

Die situasie in ons land was in 1957, toe ds Ernest Jacobus Marais diens as spoorwegleeraar aanvaar het, totaal verskillend van dié waarin ds Pienaar sy werk begin het. Ds Pienaar het van die begin af en dwarsdeur sy lang bediening hom volledig toegespits op die geestelike versorging van die blanke Afrikaners langs die spoor en daar is net terloops in sy verslae verwys na nie-blanke werkers wie se getalle steeds toegeneem het. Die Kommissie vir Arbeid onder die Spoorwegpersoneel rapporteer in 1957 vir die eerste keer dat daar ongeveer 25 000 naturelle in spoorwegdiens is en dat hy aandag gee aan hulle geestelike versorging. Wat die Kleurlinge betref, was dit blykbaar die verwagting dat die NG Sendingkerk die inisiatief vir hulle geestelike versorging moes neem. Maar wat ook duidelik was, is die feit dat die NG Kerk nog alle geestelike arbeid aan nie-blankes gesien het as sendingwerk en dus die verantwoordelikheid van die Sinodale Sendingkommissie.

Twee samehangende faktore het waarskynlik aanleiding gegee tot hierdie nuwe verantwoordelikhedaanvaarding vir die geestelike versorging van die nie-Afrikaners in spoorwegdiens. Die eerste was die dringendheid om te bewys dat die nuwe apartheidsbeleid wat die Suid-Afrikaanse regering met die steun van die NG Kerk besig was om toe te pas, 'n moreel-regverdigte grondslag had en in ooreenstemming was met die kerk se sendingbeleid. Die tweede was dat die verslag van die Kommissie vir die Sosio-ekonomiese ontwikkeling van die Bantoegebiede binne die Unie van Suid-Afrika (Tomlinson verslag) wat in 1954 verskyn het, 'n ongekende sendingywer by lidmate en ampsdraers van die NG Kerk opgewek het. Die kairosmoment was daar vir die begin van 'n nuwe en lewenskragtige beweging binne die NG Kerk om die koninkryk van God onder alle mense uit te brei, afgesien daarvan dat sommige se motiewe uit eiebelang voortgespruit het.

Ds Ernest Jacobus Marais

In ds Ernie Marais het die Here die regte man op die regte tyd aan die bediening van die mense in spoorwegdiens voorsien. Vir vyf jaar was hy gemeentepredikant waar 'n groot getal spoorwegmense onder sy versorging geval het - eers te PrinsAlbert en toe in die gemeente Leeu-Gamka wat van Prins-Albert afgestig het. Sy kennis en ervaring van die mense langs die spoor en hulle behoeftes was dus omvangryk. Daarby het hy 'n persoonlike belangstelling gehad in die "industriële mens" van die twintigste eeu en die taak van die kerk ten opsigte van hom. In 1959, nadat hy ongeveer twee jaar met sy bediening aan die spoorwegpersoneel besig was, voltooi hy 'n BD-verhandeling oor die tema "Die Kerk en die Industriële mens".

Op 14 Oktober 1960 vertrek hy met studieverlof met 'n Statebondsbeurs na die buiteland vir 'n jaar. Die Kommissie gee aan hom opdrag om ondersoek in te stel na die evangeliesasiewerk deur die verskillende kerke in die industrieë.

In 1965 gee die Kommissie andermaal aan ds Marais studieverlof. Hy studeer twee jaar in Nederland en keer in Oktober 1967 terug. In Maart 1969 promoveer hy en sy doktorsale tesis word in 1970 deur CUM gepubliseer onder die titel "Pastorale Sorg aan die mens in die bedryf". Met hierdie agtergrond en skoling sou dr Marais 'n deurslaggewende invloed uitoefen op die denke van die Kommissie en die Sinode oor die plek van die spoorwegbearbeiding binne die breër konteks van die nywerheidsbediening en die wyse waarop die taak in die toekoms aangepak moes word. Alhoewel baie van sy inisiatiewe gedurende sy dienstermyn skynbaar nie kon vorder nie, het hy die grondslag gelê van die nywerheidsbedieningstruktuur en -metodes wat vandag hierdie bediening van die NG Kerkfamilie in die Wes-Kaap kenmerk.

Die Eerste vier jaar

Soos sy voorganger het ds Marais hom toegespits op pastotale werk. Tot by die sinode van 1961 het hy 81 600 km gereis en 338 stasies en 2 800 gesinne besoek. Hy moes hom ook sterk beywer vir die werwing van aftrekorders van die spoorwegpersoneel ten einde die werk volkome selfversorgend te maak. Die Gefedereerde Kommissie vir die Bearbeiding van die Spoorwegpersoneel het 'n kwartaalblad met die naam van "Spore" begin. Dit is in Johannesburg uitgegee en 1 600 eksemplare is gereeld na Kaapstad gestuur.

Die werk het nou uitgebrei na die Swart- en Bruinmense op die spoorweg. Evangelis Wilson Mandla is aangestel vir die Swartmense en die gemeente van Touwsri- vier het gesorg vir sy huisvesting. Met die finansiële ondersteuning van die NG Sending-gemeente van Wynberg is mnr Johannes Alberts as evangelis in De Coligny opgelei. Hy was vir sewe maande werksaam onder die Kleurlinge op die spoor met Riversdal as sy standplaas. Ook is mnr Japie van Wyk vir 'n jaar aangestel om aftrekorders by die Kleurlingpersoneel te werf.

Die Jeugwerk het op die gevestigde patroon voortgegaan. Kinderkampe is gehou in oorleg met die ATKV en die SAS Vrouevereniging.

'n Nuwe ontwikkeling was die inrigting te Kaapstad van 'n eie kantoor vir die Spoorwegbediening in 'n gebou regoor die spoorweghoofkantoor vir administratiewe doeleindes, maar veral vir afsprake met die spoorwegpersoneel wat berading verlang het. Daar is ook begin met middaguurdienste. Tydens ds Marais se afwesigheid met studieverlof het ds Unio Joubert in die kantoor waargeneem. Die Spoorwegadministrasie het ook meegewerk deur in die groot ruskamers vir treinpersoneel, 'n vertrek in te rig vir stilte en gebed.

Toe die Kommissie in 1961 sy verslag aan die Sinode voorlê het die aftrekorders nog nie genoeg geld ingebring vir die aanstelling van 'n tweede geordende leraar nie. Die posisie sou dus onveranderd voortduur. Die Sinode het sy dankbare goedkeuring aan die publikasie en verspreiding van "Spore" gegee. Ook het hy die Kerk aangemoedig tot nuwe belangstelling in en voorbidding vir die mense in die industrieë van ons land. En om groter betrokkenheid van die gelowige spoorwegpersoneellede by die beleidsbeplanning te verseker het hy besluit dat dienende of afgetrede personeellede van die Spoorweg, met die oog op hul ondervinding en kennis van die behoeftes van die personeel, met adviserende stem na die vergaderings van die Kommissie genooi mag word.

Deurbrake na nuwe velde

Die volgende reses sou 'n groot uitbreiding van die werk, sowel as etlike deurbrake na terreine buite die Spoorwegbediening oplewer. Ds Marais en sy helpers het gedurende diè tyd meer as 200 000 km per trein, bromponie en motor afgelê. Die gewone dienste is gehou en die gereelde pastorale besoeke het plaasgevind. Maar wat nuut was is dat 1 856 persone in hospitale besoek is en dat daar 1 620 besoeke vir berading in die kantoor was. 'n Nuwe diens, die psigo-pastorale spreekkamer, het ontstaan. Die besoeke aan die personeel in die groot werkplekke het groter klem ontvang en middaguurdienste in die stede en groot dorpe het vermeerder. Daar is gereeld kontak gemaak met die hoofde van die Spoorwegadministrasie om hulle samewerking te verseker.

Die Kommissie het die moontlikheid om 'n tweede geordende aan te stel ondersoek, maar die fondse was nie toereikend nie. In 1961 is mnr J.L. Gresse as hulpkrag aangestel, 'n merkwaardige dienskneg van die Here, wie se naam onuitwisbaar geskrywe staan in die annale van die Nywerheidsbediening van Wes-Kaapland. Hy het die werwing van aftrekorders van die hande van die spoorwegleraar afgeneem en teen 1965 het die inkomste daaruit verdriedubbel. Sy pastorale werk was ongeëwenaard. Hy het elke personeellid langs die seksies besoek en geen huis of ploegbaasspan oorgeslaan nie. As tweede hulpkrag is ds L.B. Viljoen, emeritus, aangestel met standplaas in Oos-Kaapland.

Met die nuwe insigte in die wese en aard van nywerheidsbediening, waarvoor ds Marais ongetwyfeld grootliks verantwoordelik was, het die Kommissie hom toegespits op die bediening van die Woord aan die nywerheidsmense in sy daaglikse roetine. Spoorwegbearbeiding in Kaapland was verantwoordelik vir vier-en-'n-half afdelings met die hoof-sentra Kaapstad, Oos-Londen, Port Elizabeth en Kimberley. Dit dek meer as 11 200 km spoorlyn en 1200 stasies. Sedert die Kerk in 1905 met die werk begin het, het die klem verskuif van die geografiese eensaamheid van die spoorwegmense op die eensame stasies, na die geestelike vereensaming van die stede en hulle groot werkplekke. Spoorwegbearbeiding het in besonder 'n hulpdiens vir die stadsgemeentes geword. Daarom is etensuurdienste gehou op 32 verskillende plekke in die Skiereiland, Port Elizabeth en Oos-Londen. En wat veral belangrik was, was dat

hierdie dienste gereël en aan die brand gehou is deur 14 komitees wat uit gelowige personeellede bestaan het. Hierdie komitee- stelsel het mettertyd die ruggraat van die organisasie geword. Vir besoeke in die hawegebiede, ranggeerwerwe, kantore, menasies en ruskamers is gelowiges ingespan.

Die kantoorspreekkamer het in 'n groot behoefte voorsien. Afgesien van persone wat uit eie beweging kom raad soek het, het die Administrasies self baie personeellede verwys, met probleme soos arbeidsneurose, alkoholisbruik en huweliksprobleme. Dit het daartoe gelei dat met die medewerking van die Kommissie vir Kerkherstel en Evangelisasie 'n psigo-pastorale spreekkamer langs die administratiewe kantoor van Spoorwegbearbeiding ingerig is. Hierdie spreekkamer is later na die Kerkkantore in Gray's Pass verskuif om die hele Kerk te dien. Dr Ernie Marais sou dit van 1986 tot 1992 as pastorale sielkundige bedien.

Lektuurverspreiding het skerp toegeneem. "Spore" se oplaag het gegroei tot 14 000 en die inhoud was spesiaal gerig op die nywerheidsmens. Die Kaapse kantoor het gereeld 5 000 eksemplare aan diegene wat aftrekorders geteken het gestuur. Verder is 600 Bybels in die wagkamers geplaas. Die Jeugwerk en Kinderkampe het op die bekende patroon voortgegaan met goeie resultate.

Skakeling met die NG Sendingkerk

Ds HMJ van Rensburg, leraar van die NG Sendinggemeente van Wellington, het die volgende beskrywingspunt aan die Sinode van die NG Sendingkerk wat in 1962 vergader het voorgelê:

Met die oog op die vinnige tempo van industrialisasie van die Kleurlingbevolking, dra die H.E. Sinode dit aan sy Kommissie vir Evangelisasie en Sending op om die moontlikheid en noodsaaklikheid van Industriële Evangelisasie te ondersoek en om indien nodig die nodige stappe te neem om die werksaamhede van die kerk op hierdie terrein te bevorder.

Die Kommissie van Orde het gereël dat hierdie saak by geleentheid van 'n broederlike onderhoud op die aand van 26 Oktober 1962 deur die Sinode bespreek word en dat ds E.J. Marais die inleidende toespraak lewer. Die geleentheid was 'n groot sukses en die volgende onbestrede mosie van di J.F.C. Booysen van Claremont en I.J. Mentor van Rondebosch is eenparig aanvaar:

Die H.E. Sinode

1. *boekstaaf sy opregte dank en waardering teenoor ds E.J. Marais vir sy insiggewende toespraak in verband met industriële evangelisasie;*
2. *neem met besorgdheid kennis van die gevaar dat die industriële mens besonder vatbaar is vir 'n vreemde ideologiese boodskap, veral waar arbeidsreëlins nie genoegsaam rekening hou met die ekonomiese behoeftes van die mens nie;*

3. *dra dit aan die Evangelisasie- en Sendingkommissie op om weë te vind om 'n studiegroep in die lewe te roep wat die Skrifboodskap aan die industriële mens in sy volle trefwydte kan ontdek en om in die lig daarvan die roeping, taak en metode van optrede van die Christelike kerk te bepaal;*
4. *versoek dat hierdie Skrifgefundeerde bevindinge die lig sal sien op die wyse wat deur die betrokke instansie(s) die geskikste geag word.*

Die Sinodale Kommissie vir Evangelisasie en Sending het sy opdrag uitgevoer en 'n studiekommissie oor Industriële Evangelisasie saamgestel met die volgende persone as lede: di S.F. Kotzé, H.M. Beets, J.H. Visser, J.C. Landman (almal van die NG Sendingkerk) en di E.J. Marais, H.A. Albertyn en W.A. Alheit (almal van die NG Kerk in SA).

Die grondslag vir die samewerking van die NGK en die NGSK op die terrein van die nywerheidsbediening is met die skepping van hierdie kommissie gelê. In 'n later stadium sou ook die NG Kerk in Afrika ingeskakel word.

NG Kerk in SA Sinode 1965

Toe die Sinode van die NG Kerk in SA in 1965 vergader kon die Kommissie vir die geestelike versorging van die Spoorwegpersoneel 'n bemoedigende verslag voorlê. Hulle rapporteer aan die end van die verslag dat hulle aangevoel het dat die werk van industriële evangelisasie die ou kleeft moet afgooi en 'n metamorfose ondergaan. Ook die Administrasie het aangevoel dat die klem nie soseer op die geografiese vereensaming as die geestelike isolasie moet val nie - die simptome by uitstek van die nywerheidsmense in die stad. Geleidelik het Spoorwegbearbeiding oorgegaan tot industriële evangelisasie, soos ook geleer uit die Europese eksperimente. Dit is die begeerte van die Administrasie dat die Kerk hierdie besondere diens ook sal uitbrei tot die breër nywerheidssterrein.

Die Kommissie is dankbaar dat die groot Afrikaanse industrie met wêreldwye omvang nie alleen die noodsaaklikheid van industriële evangelisasie in sy nywerheid besef nie, maar die middels daartoe bewillig het. Hulle rapporteer ook dat die NG Sendingkerk reeds 'n studiekommissie aangestel het om in te gaan op die diens van die Kerk aan die industriële mens. Ten slotte merk hulle op dat die ou vorm van spoorwegbearbeiding geleidelik moes plek maak vir 'n nuwere benadering wat die vertroue van sowel die werkgewer as die werknemer geniet.

Die Kommissie het 'n paar belangrike beskrywingspunte aan die Sinode voorgelê waarin gevra word vir duidelike uitsprake ten gunste van die uitbreiding van die werk van die spoorwegindustrie na die ander nywerheidssektore. Die beskrywingspunte is aanvaar en op voorstel van dr G.J. Kotzé en ds H.A. Heyns is die volgende besluit geneem:

- *Vanweë die snelle nywerheidsbloei in ons land en die besondere behoeftes wat daardeur op geestelike gebied geskep word, ag die Sinode dit dringend noodsaaklik dat die Kerk hom op 'n aksie vir doelbewuste en stelselmatige*

nywerheidsevangelisasie moet toespits. Die Sinode dra dit aan die Kommissie vir Geestelike Sorg en Evangelisasie op om ringe en kerkrade in nywerheidsgebiede in verband met beproefde evangelisasiemetodes op hierdie terrein leiding te gee.

Die implikasie van die aanvaarding van die beskrywingspunte en die bogenoemde besluit was dat die pos van spoorwegleraar moontlik in die gedrang kon kom, omdat die breër bediening ook 'n geordende leraar nodig het. Daarom is aan die Kommissie vir Geestelike Sorg en Evangelisasie opdrag gegee om ondersoek in te stel na die voortbestaan van die pos van spoorwegleraar en die aanstelling van 'n voltydse leraar met die oog op die bearbeiding van die buitekerklike nywerheidsmens in die groot nywerheidsentra. Voorts word dit aan die Permanente Leerkommissie opgedra om ondersoek in te stel of die arbeid deur die Sinodale Kommissie vir die Bearbeiding van die Spoorwegpersoneel nog prinsipieel verantwoord is.

Hierdie Sinode het ook die kerkregtelike grondslag geskep waarop die kerk se nywerheidsbediening voortaan sou berus. Die afsonderlike artikels in die kerkorde wat die Kerk se algemene evangelisasiewerk en die Spoorwegpersoneelbearbeiding onder twee aparte kommissies gereël het is geskrap en vervang met 'n artikel wat slegs een kommissie met 15 lede geskep het met die naam Sinodale Kommissie vir Geestelike Sorg en Evangelisasie. Aan hierdie kommissie word 'n verskeidenheid van take, waaronder nywerheidsbediening, opgedra. In subartikel (6) word bepaal dat hy moet toesig hou oor die evangeliedienaars en arbeiders wat vir die addisionele geestelike versorging van die lede van die Kerk langs die spoorweg deur die sinode benoem word. Spoorwegpersoneel- bearbeiding sou van daardie oomblik af deel vorm van die breër werk van die een kommissie. En om die samewerking van alle vlakke van die Kerk in hierdie arbeid te verseker is 'n artikel tot die kerkorde gevoeg wat lui dat elke kerkraad en ring 'n Kommissie vir Geestelike Sorg en Evangelisasie benoem om in hierdie werk in hul ressort leiding te gee met verslag aan die ring en die Sinodale Kommissie vir Geestelike Sorg en Evangelisasie respektiewelik.

Die nuwe Kommissie het na afloop van die Sinode met ywer aan die werk gespring. Sy verantwoordelikheid ten opsigte van die mense langs die spoor het toegeneem aangesien die Anglikaanse Kerk hom aan daardie arbeidsveld onttrek het.

Eerste inisiatiewe van NG Sendingkerk

Die studiekommissie oor Industriële Evangelisasie wat deur die Sinodale Kommissie vir Evangelisasie en Sending benoem is het 'n baie goeie stuk met prinsipiële besinning en aanbevelings aan die 1966 Sinode van die NG Sendingkerk voorgelê. Die ringe van Wynberg en SA Gestig het ook beskrywingspunte ingedien wat vra vir daadwerklike stappe tot voorligting van gemeentes in nywerheidsgebiede deur die aanstelling van 'n voltydse voorligter en organiseerder in die land. Die Tydelike Kommissie wat hierdie beskrywingspunte hanteer het, het daarop gewys dat die Sinode van die NGSK reeds in 1954 in sy program van aksie vir die Sinodale Evangelisasiekommissie bepaal het: "Die taak van hierdie kommissie sal wees om aandag te skenk aan fabrieksbearbeiding en die ontwikkeling van dergelike braaklande". Hy het verder verklaar dat al die vrae deur die beskrywingspunte geopper, deur die verslag van die studiekommissie beantwoord is. Op sy aanbeveling het die Sinode die aanbevelings van die verslag sy besluit gemaak, naamlik:

Die Sinode dra dit aan die Evangelisasie- en Sendingkommissie op om

1. *Deeglik in te gaan op die uitvoerbaarheid van hierdie aanbevelings binne ons eie kerk;*
2. *Die finansiële implikasies wat hiermee saamhang deeglik te ondersoek en alle beskikbare bronne te tap;*
3. *Ter gelegenertyd in oorleg met die Moderatuur en die Kommissie van Toesig en Kontrole, indien moontlik, tot aanstelling oor te gaan.*

Na die Sinode het die Kommissie vir Evangelisasie en Sending pogings aangewend om die opdrag van die Sinode uit te voer, maar weens fondsegebrek is daar nie in die reses vordering gemaak nie. Die Sinode van 1970 het die opdrag teruggetrek.

Die Sinode het ook besluit om die Teologiese Fakulteit van Wes-Kaapland te versoek om Industriële Evangelisasie as vak in die departement van Praktiese Teologie in te voer.

In die afdeling van sy verslag oor Spoorwegbearbeiding rapporteer die Kommissie dat hy nie die middele kon vind om tot die aanstelling van 'n geordende leraar oor te gaan nie. Danksy ruim bydraes ontvang van die Spoorwegadministrasie, ASK, SKDB en die Skiereilandse Sendingraad, asook die aftrekorders volgens kode 147 kon die Kommissie op 14 April 1965 'n ongeordende werkkrag in die persoon van evanelis M.W. Travill aanstel. Hy het op 3 Mei 1965 diens aanvaar as die eerste arbeider in diens van die NG Sendingkerk. Hy werk saam met mnr Jannie Gresse op die seksies en daar is gunstig oor sy werk getuig.

Spoorweg- en Nywerheidsbediening finaal gekoppel

Na die Sinode van 1965 van die NGK het die Kommissie vir Geestelike Sorg en Evangelisasie opnuut aandag geskenk aan die bediening van die nywerhede. 'n Subkommissie met ds M.J. Smuts as konvenor is in die Oos-Kaap gevorm, om leiding te

gee aan kerkrade en ringe. Die Kommissie was oortuig daarvan dat nywerheidsbediening binne gemeente- en ringsverband moes geskied en kon nie 'n kategoriale gemeente onderskryf nie.

Die spoorwegbediening het normaalweg voortgegaan. As enigste projek van Nywerheidsbediening in ons land was dit selfonderhoudend. Tydens die studieverlof van ds Marais het di L. Erasmus en H.B. Heymans waargeneem. Mnre Jan Gresse en J. Nel en twee evangeliste het uitstekende werk gedoen. Daarbenewens was daar meer as 430 toegewyde gelowiges wat op spoorwegterrein wonderlike diens gelewer het.

Saam met sy verslag lê die Kommissie vir Geestelike Sorg en Evangelisasie 'n aantal beskrywingspunte aan die Sinode van 1969 voor. Die Sinodale Leerkommissie beveel aan dat die pos van spoorwegleraar behou word. In die lig van al hierdie voorstelle en aanbevelings besluit die Sinode dat die pos van spoorwegleraar sal bly voortbestaan. Die vergadering onderskryf die volgende stelling as sy prinsipiële siening van Spoorwegbearbeiding in die breër patroon van Nywerheidsbediening:

1. *Die Sinode erken die noodsaaklikheid van 'n bediening aan die nywerheid;*
2. *Die Sinode sien die spoorweë, soos die fabriekswese onder andere, as onderdeel van die nywerheid in sy groot geheel (in ooreenstemming met die besluit van die Algemene Sinode);*
3. *Die Sinode sien derhalwe die bediening aan die spoorwegpersoneel as onderdeel van sy breë aksie en beplanning in sy Nywerheidsbediening.*

Die Sinode gee ook aan die pos van spoorwegleraar 'n nuwe naam en posbeskrywing t.w. "Predikant in sinodale diens vir Geestelike Sorg en Evangelisasie met Nywerheidsbediening en daar nader Spoorwegbediening as besondere opdrag". Die pos ondergaan dus 'n belangrike aksentverskuiwing.

Met hierdie besluite het die Sinode die moontlikheid geopen dat die bediening van die Kommissie en die nywerheidspredikant kon uitbeweeg uit die enger spoorwegterrein na ander nywerhede toe. Hulp in die vorm van studiemateriaal en beleidsriglyne het ook na die Kommissie gekom van die kant van die Algemene Sinode. In opdrag van die Algemene Sinode van 1966 het die belangrike Kongres oor Kerk en Industrie van 22 tot 24 April 1969 in Johannesburg plaasgevind. Die kongresbesluite is as aanbevelings deur die Algemene sinode van 1970 oorweeg en 'n reeks beleidsbesluite is geneem en saam met 'n aantal wenke in brosjurevorm gepubliseer onder die titel "Nywerheidsbediening in die Ned. Geref. Kerk". Hierdie dokument saam met die publikasie wat die kongresreferate bevat het 'n sterk rigtinggewende invloed uitgeoefen op die verdere ontwikkeling van die Nywerheidsbediening ook in die Wes-Kaap.

Die reses het vir die Kommissie moeilik begin, want dr E.J. Marais het in 1970 die pos as professor in Wysbegeerte aan die Universiteit van Fort Hare aanvaar. Die vakature is eers in 1972 gevul met die indienstrede van ds J. P. van der Merwe, 'n man wat sy stempel baie sterk op die Nywerheidsbediening van Wes-Kaapland sou afdruk. Hy was 'n

pligsgetroue, nougesette en harde werker en het spoedig die vertrouwe van die Kerk, die nywerhede, die arbeidspersoneel en sy medewerkers gewen. Hy was 'n bewoë pastor en 'n begaafde organiseerder. Die werk was onder sy leiding spoedig weer in hoogste rat.

Die reses na die 1969 Sinode was twee jaar langer as die normale, weens die Buitengewone Sinode van 1973, toe die gemeentes in die Oos-Kaap tot 'n afsonderlike sinodale verband afgestig is. Hierdie afstigting het die Kommissie die waardevolle dienste van ds M.J. Smuts ontnem. Hy was die eintlike baanbreker van die Nywerheidsbediening buite die SA Spoorweë. In die Port Elizabeth-Uitenhage gebied het hy gereeld fabriek besoek en gebedselle in die werkplekke opgerig.

'n Paar belangrike veranderings en uitbreidings het gedurende hierdie lang reses plaasgevind. Die kantoor van Spoorwegbearbeiding is verskuif van die Pier-Hou gebou na die Nedbank gebou in die Heerengracht. Die beheerstruktuur van die diens is ietwat aangepas. Die Kommissie vir Geestelik Sorg en Evangelisasie is direk geskakel onder die Breë Kommissie vir Nywerheidsbediening gerig op die Spoorweë, wat 'n Subkommissie van die Algemene Kommissie vir Ampsbediening en Evangelisasie was. Verdere leiding is aan die werk gegee deur 'n Advieskomitee vir Nywerheidsbediening gerig op die Spoorweë, waarvan die meeste lede spoorwegamptenare was.

Die vaste personeel is uitgebrei en die werksgebied heringedeel. Daar was nou vier hulpkrigte t.w. Mnre J.L. Gresse (buitestadies), J.H. van Tonder (Noord-Kaap), J. Roux (Bellville en die Skiereiland noord van die hoofspoorlyn) en D.J. Gericke (alle stadies in die Skiereiland suid van die hoofspoorlyn).

Die Spoorwegadministrasie het goedkeuring verleen dat leraars en ander geestelike werkers wat spoorwegbearbeiding doen ook deelyds aandag mag skenk aan nywerheidsbediening in die algemeen, met dien verstande dat slegs vir die pro rata deel van hul tyd wat aan spoorwegbediening bestee word, hulle uit spoorwegfondse vergoed mag word. Reiskonsessies kon ook nie aan persone wat deelyds werk uitgereik word nie, maar slegs papiervrypasse om spoorwegamptenare te besoek. Hulle kon ook nie spoorwegrytuie gebruik nie. Met hierdie ooreenkoms het dit vir die Kommissie vir die eerste keer moontlik geword om sy spoorwegleraar ook die gebied van die nywerheid in die algemeen te laat betree soos die Sinode van 1969 dit aan hom opgedra het.

Vir die Jeugwerk en kinderkampe is twee terreine aangeskaf, die een by Franschoek en die ander by Muizenberg

Die Spoorwegadministrasie het groter hulp verleen deur nog 'n privaatrytuig en wel vir Noord-Kaap te voorsien. Die spoorwegleraar en sy helpers met hulle vroue het dienspasse ontvang vir gratis reis binne die werksgebied en vir werksdoeleindes. Ook het elkeen een vrypas per jaar vir vakansie en vier konsessiekaartjies ontvang. Werkers had vrye toegang tot alle spoorwegplekke.

Van Sendingwerk tot Kerklike Samewerking

Die “Sendingwerk” op die spoorweg (soos die werk onder die nie-blankes nog in 1975 in die verslag van die Kommissie vir Geestelike Sorg en Evangelisasie genoem is) het ’n nuwe wending geneem. Evangelis M.W. Travill het die werk as arbeider onder die Kleurlinge op die spoor in Wes-Kaap en Noord-Kaap behartig tot 30 September 1968, toe sy dienste beëindig is as gevolg van langdurige siekte. Die veld het braak gelê vir 18 maande. Op 30 April 1970 is mnr E.J. Liebenberg, vroeër verbonde aan die Japansending, aangestel vir ’n tydperk van ses maande, veral vir die Skiereiland. Sy aanstelling is moontlik gemaak deur ’n jaarlikse bydrae van die Spoorwegadministrasie, die aftrekorders kode 147 en bydraes deur die Sinodale Sendingkommissie en die Skiereilandse Sendingraad. Mnr Liebenberg sou egter vir ’n hele aantal jare met die werk voortgaan.

Geseënde werk is ook gedoen deur mnr Dawid Rayners onder leiding van mnr Kobus Nel te Uitenhage en Port Elizabeth. Dr Marais, mnr Gresse en later ds Van der Merwe het gewaardeerde leiding aan hierdie werk gegee. Ook is die spoorwegwa van die NG Kerk beskikbaar gestel vir hierdie werk.

Tot in hierdie stadium het alle inisiatief vir en beheer oor die werk onder die nie-blanke personeel uitgegaan van die Kommissie van die NG Kerk, wat ’n subkommissie vir die bestuur van die werk benoem het. Die NG Sendingkerk het eintlik net die arbeider se emolumente gedeeltelik voorsien. Maar onder die sterk leiding van die Sekretaris vir Evangelisasie en Sending van die Sinode van die NG Sendingkerk, ds J.J.F. Mettler het hierin ’n verandering gekom. Die NG Sendingkerk was bereid om volle medeverantwoordelikheid vir die werk te aanvaar. Na onderhandelings tussen di Mettler en Van der Merwe en hulle onderskeie Kommissies, is ’n “Reglement vir Bearbeider van Spoorwegpersoneel” opgestel en deur die 1974-Sinode van die NG Sendingkerk aanvaar.

Die reglement bepaal die doel en opdrag van die werk, naamlik, die geestelike bearbeiding van die Kleurlingpersoneel van die SA Spoorweë in Kaap-Wes en Kaap-Noord, met spesiale aandag aan groot sametrekings van spoorwegwerkers in die Kaapse Skiereiland. Die werk geskied in noue samewerking met die spoorwegarbeider van die Moederkerk. Angesiens die werk beskou word as ’n hulpdiens aan die plaaslike gemeentes, geskied dit in samewerking en oorleg met plaaslike kerkrade van die betrokke gemeentes.

Voorts word bepaal dat die aanstelling van sodanige werker geskied deur die Sinodale Kommissie vir Evangelisasie en Sending van die NG Sendingkerk. Die toesig oor die werk word gehou deur ’n subkommissie met reg van ko-opsie deur die Sin. Kom. vir Evangelisasie en Sending benoem uit die volgende liggame: twee lede uit die Sin. Kom. vir Evangelisasie en Sending waarvan een die voorsitter van die subkommissie sal wees, een lid uit die Sin Kom. vir Geestelike Sorg en Evangelisasie, een lid uit die Skiereilandse Sendingraad en een lid wat die Spoorwegadministrasie verteenwoordig. Die geestelike

werker sal minstens eenmaal per jaar skriftelik verslag van sy werk aan die Sin. Kom. vir Evangelisasie en Sending gee.

Die reglement kon dadelik geïmplementeer word, want mnr E.J. Liebenberg was na vyf jaar nog steeds ywerig op sy pos. Deur sy toedoen het die inkomste uit aftrekorders drasties toegeneem tot R1 800 per jaar. Die Spoorwegadministrasie het jaarliks R250 bygedra, die Kom. vir Geestelike Sorg en Evangelisasie R250, die Globale Hulptoelaefonds van die Binnelandse Sendingsubkommissie R400 en die Skiereilandse Sendingraad R500. Die werk was dus finansiëel geborg.

Dit het spoedig geblyk dat hierdie nuwe struktuur 'n wenresep was en daarom is dit uitgebrei na die werk onder die swart spoorwegpersoneel, deur die inskakeling van die NG Kerk in Afrika. Die reglement is verander om daarvoor voorsiening te maak. In sy verslag aan die 1975-Sinode van die NG Kerk in Wes-Kaapland rapporteer die Kommissie vir Geestelike Sorg en Evangelisasie dat die werk onder die Kleurlinge en Swartmense langs die spoor deur die NG Kerk, die NG Sendingkerk en die NG Kerk in Afrika gesamentlik behartig word onder 'n reglement wat deur al drie instansies goedgekeur is. Mnr Liebenberg wat onder die Kleurlinge arbei en evangelis Qutwana wat onder die Swartmense arbei, werk albei onder toesig van 'n kommissie wat uit verteenwoordigers van die drie kerke saamgestel is. Die gebiede wat nie deur die twee werkers gedek kan word nie, word bedien deur werkers onder die blankes wat 'n derde van hulle tyd hieraan bestee. 'n Groot deur het oopgegaan want baie mense kon nou makliker in die spoorwegkampongs bearbei word.

Alhoewel dit destyds seker nie so besef is nie, was hierdie nuwe struktuurgewing aan die werk, waardeur die betrokke kerke op gelyke voet met mekaar kon begin saamwerk, 'n eerste belangrike stap in die rigting van die eenwording van die NG Kerkfamilie. Want uit hierdie eerste samewerkingstruktuur het die Gesamentlike Kommissie vir Getuienisaksie wat vandag Arbeidsbediening, Sending en Gemeentebou bestuur gegroei.

Die Sinode van 1975 het die naam van die Sin. Kommissie vir Geestelike Sorg en Evangelisasie verander na Sin Kommissie vir Ampsbediening en Evangelisasie om so in lyn te kom met die Algemene Sinode se Algemene Kommissie vir Ampsbediening en Evangelisasie. Die Sinode van die NG Sendingkerk het in 1978 ook sy Kommissie vir Evangelisasie en Sending se naam verander na Sinodale Kommissie vir Getuienisaksie. Hierdie name is nog nie weer verander nie.

Dieselfde Sinode het ook daarvan kennis geneem dat die Kommissie vir Geestelike Sorg en Evangelisasie 'n begin gemaak het met arbeid onder die seelui deur te skakel met die Christelike Seemanskomitee. Die skakeling is goedgekeur.

Drie jaar van merkwaardige ontwikkeling

Gerugsteun deur die besluite van die 1974-Sinode van die NG Sendingkerk en die 1975-Sinode van die NG Kerk in Wes-Kaapland kon die onderskeie sinodale kommissies vinnig vorentoe beweeg. Daar was ook 'n besondere goeie verhouding tussen die twee dinamiese predikante in sinodale diens t.w. ds Jan Mettler van die NG Sendingkerk en ds Johnnie van der Merwe van die NG Kerk. Die samewerking van die broeders van die NG Kerk in Afrika het ook nie ontbreek nie.

Die gesamentlike aksie van die drie Kerke om die nie-blanke personeel langs die spoor te bearbei het oorgespoel na twee ander terreine t.w. die bediening aan die seelui en die bediening aan nywerhede benewens die SA Spoorweë en Hawens.

Nywerheidsbediening aan die nie-blanke spoorwegpersoneel

Teen die einde van 1978 was die gesamentlike Nywerheidsbediening aan die nie-blanke personeel van die SA Spoorweë en Hawens sterk gevestig en goed op dreef. Die Gesamentlike Beheerkommissie het bestaan uit di J.J. Sieberhagen en J.D. Theron van die NG Kerk; di P.R. Bester en J.J.F. Mettler van die NG Sendingkerk; di A.M. Scheffler en P.M. Sibayi van die NG Kerk in Afrika; en mnre H. Bresler, I. Hattingh en J.C.J. la Kock van die Spoorwegadministrasie; met mnr E.J. Liebenberg en evangelis Z.M. Vani adviserende lede. 'n Subkommissie is vir Noord-Kaap benoem.

Mnr Liebenberg het vier hulpkrigte vanuit die NG Sendingkerk bygekry, naamlik, evangelis J. Julies en mnr A. Bock (vir die Skiereiland en stasies in die Boland), mnr A. Ruiters (vir Noord-Kaap) en mnr J. Plaatjies (vir die buitestasies in Wes- en Oos-Kaap). Ook het evangelis Vani twee hulpkrigte uit die NG Kerk in Afrika bygekry.

Hierdie diens het beskik oor twee motors en verskeie oudio-visuele hulpmiddels. Die arbeid onder die Kleurlingpersoneel is finansiëel gedra deur die kode 147 aftrekorderstelsel wat reeds R2 266,75 in 1979 opgelewer het en die gereelde bydraes deur die instansies wat vroeër genoem is. Vir die swartmense was daar geen aftrekorderstelsel nie, maar die poste is gedra deur die Vroue-Sendingbond, Mede-Sendingarbeidsters, Kinderkrans, Manne-Sendingbond en bydraes uit die NG Sendingkerk. Die diensaksie het elke kwartaal 'n nuusblaadjie uitgegee.

Bediening aan die Seelui

Die bediening gerig op die seelui was 'n nuwe ontwikkeling. Na die 1975-Sinode van die NG Kerk in Wes-Kaapland het die Sinodale Kommissie vir Ampsbediening en Evangelisasie die werk in die hawens begin organiseer en geskakel met die Christelike Seemanswelsynsorganisasie. Hy wou graag die werk saam met hierdie organisasie, die Ned. Hervormde Kerk en die Gereformeerde Kerk onderneem. Die organisasie en die N. Hervormde Kerk het egter nie hul weg daartoe oopgesien nie, maar die Gereformeerde Kerk wel. Die NG Sendingkerk is toe genooi om ook in te skakel. 'n Beheer Komitee met die naam "Die Evangelie aan die Seelui", waarop al drie kerke verteenwoordig word is gevorm om werk in Kaapstad en Saldanha te onderneem. 'n Reglement is opgestel en deur al drie instansies goedgekeur.

Die arbeidsveld was die Kaapse Hawe waar daagliks ongeveer 250 seemanne binnegekom het en die hawe van Saldanha waar ongeveer 50 seemanne per week aan wal gekom het. Die werkerskorps het bestaan uit een voltydse en drie deeltydse hulpkrigte onder leiding van ds J.P. van der Merwe. Mnr Paul J. Kruger, lidmaat van die NG Sendingkerk, het op 1 April 1977 as voltydse werker in diens getree. Mnr J. le Roux was sy medewerker.

Die arbeidsmetodes was om die bemanning aan boord te besoek, Skrifdele en Christelike lektuur in verskillende tale aan te bied en boodskappe op band met bandmasjiene te speel. Korrespondensie met seemanne wat die hawes besoek het en met die evangelie bereik is is wêreldwyd onderhou as effektiewe nasorgdiens. Bybelkioske is op beide hawes opgerig.

Die werk is finansiëel gedra deur donasies van verskeie persone en instansies. Die Kommissie vir Sending aan die Kommuniste het een pos gesubsidieer, sowel as lektuurverspreiding. Skrywes is aan kerkrade gerig om hulp te vra.

Bediening aan die Nywerhede benewens die SAS en H

Die Bediening aan die nywerhede naas die SAS en H wat ook 'n gesamentlike onderneming geword het van die NGK, NGSK en NGKA se bestuur was aanvanklik 'n Subkomitee van die Sin. Kommissie vir Ampsbediening en Evangelisasie. Ook hierdie diens het 'n reglement ontvang wat deur die deelnemende kerke goedgekeur is. Die bestuurskomitee is saamgestel uit twee verteenwoordigers van elk van die meewerkende kerke, een verteenwoordiger van elke ander kerk wat mag bykom, die nywerheidspredikant van die NG Kerk wat ampshalwe scriba is, personeellede uit die nywerhede, en die werkkragte adviserend. Hierdie bestuur had volle beheer oor die werkpraktyk. Verder is ringskomitees gevorm wat aanvanklik as subkomitees van die sinodale bestuurskomitee sou wees. Die doel was egter om hulle tot selfstandigheid te lei om uiteindelik volle beheer oor te neem en die finansiële verantwoordelikheid te dra. Hierdie komitees het ook gefunksioneer volgens reglemente deur die meewerkende kerklike instansies goedgekeur.

Die nywerheidspredikant het ongeveer een tiende van sy tyd aan hierdie werk gewy. Daar was twee voltydse hulpkrigte in die Boland en in Kaapstad. In die Noord-Kaap en Weskusgebied het werkers van die spoorwegbearbeiding deeltydse diens gedoen. Een swart werker het die helfte van sy tyd gebruik om in hierdie werk te help. Die grootste behoefte was aan meer hulpkrigte in Noord-Kaap en veral in Kaapstad. Die grootste behoefte was aan Kleurlingwerkers.

Hierdie werk is prakties op 1 Augustus 1976 deur die nywerheidspredikant begin. Aan die einde van 1979 is daar in 'n honderd nywerhede en verwante instellings gewerk. Die werk was redelik goed georganiseer in ontwikkelde nywerhede in die Boland, Wes-Kaap en Suid-Kaap. Daar was 'n hele paar werkplekke in Kimberley, maar Kaapstad had die grootste nood maar ook die grootste geleentheid.

Finansiële steun vir die werk het gekom van 'n spesiale sinodale kollekte in die NG Kerk, donasies van verskillende diensaksies van die kerke, bydraes van private persone en kultuurorganisasies en donasies van enkele firmas. Die Bestuurskomitee het een motor en 'n paar oudiovisuele hulpmiddels besit.

Bediening aan die blanke spoorwegpersoneel

Die Nywerheidsbediening wat op die blanke spoorwegpersoneel gerig was het slegs onder die toesig van die Sin. Kommissie van Ampsbediening en Evangelisasie voortgegaan. Dit was voorasnog die uitsluitlike taak van die NG Kerk. Ook hierdie werk het onder ds Van der Merwe se dinamiese leiding van krag tot krag gegaan. Danksy die aftrekorders was die werk finansiël selfversorgend. Deur die komiteestelsel waarby veral die spoorwegpersoneel betrek is, is gelowiges op groot skaal tot medewerkers gemobiliseer. Die Franschhoek kampterrein is verder ontwikkel en "Spore" wyer versprei.

In sy verslag aan die 1978-Sinode van die NG Sendingkerk rapporteer die Sinodale Kommissie vir Evangelisasie en Sending volledig oor die bogenoemde ontwikkelinge en lê hy drie beskrywingspunte met dankbetuigings voor wat deur die Sinode met akklamasie aanvaar is. Dank word betuig aan ds Johnnie van der Merwe vir sy koördinerende, programmerende en loodsing van gesamentlike interkerklike aksies op die spoorweë, in die hawens en in die nywerhede. Dank word betuig aan die evangeliste en lekwerkers in hierdie verband. En dank word betuig aan die Christelike Sustersbond, Vroue-Sendingbond, Skiereilandse Sendingraad, Kommissie vir die Bestryding van Kommunisme en donateurs uit die NG Kerk en NG Sendingkerk vir finansiële bydraes vir die verskillende poste van die gesamentlike Nywerheidsbediening. Die NG Sendingkerk het sy hele hart aan hierdie werk verbind.

Ook die Sinodale Kommissie vir Ampsbediening en Evangelisasie het volledig oor die ontwikkelinge aan die 1979-Sinode van die NG Kerk in Wes-Kaapland verslag gedoen. Hy eindig sy verslag met 'n aanbeveling wat besluit van die Sinode word. Dit lui:

1. *Die Sinode neem kennis van die besluit van die Algemene Sinode, Acta 1978 pt. 10 p. 959, en keur dit goed dat die arbeid in die Nywerhede deur die N.G. Kerk, die N.G. Sendingkerk in Suid-Afrika en die N.G. Kerk in Afrika onderneem word.*
2. *Die Sinode het verder geen beswaar dat ander kerke op gereformeerde grondslag by die aksies betrek word nie.*
3. *Die reëling van die gesamentlike aksies word opgedra aan die S.K.A.E.*

Met hierdie besluite en opdragte van die Sinodes is aan Nywerheidsbediening die geleentheid gebied om die voorloper te word op die weg van die vereniging van die kragte van nie alleen die lidkerke van die NG Kerkfamilie nie, maar ook van kerke in ekumeniese verband, in die uitvoering van hulle Goddelike opdrag om die evangelie aan alle mense

te verkondig. En deur hierdie vereniging van kragte tot 'n gemeenskaplike taakvervulling moet stelselmatig ook 'n koinonia groei met kerkeenheid as noodwendige resultaat.

NYWERHEIDSBEDIENING IN 1980

Die Sin. Kommissie vir Ampsbediening en Evangelisasie begin sy verslag oor Nywerheidsbediening aan die 1979-Sinode van die NG Kerk in Wes-Kaap met 'n algemene uiteensetting van doel en opset van die diens. Dit word in 'n besluit deur die Sinode onderskryf. Omdat dit 'n besondere goeie weergawe is van die stand van die werk aan die begin van die tagtiger jare word dit volledig weergegee.

Die doel van Nywerheidsbediening

Hierdie bediening onderneem geestelike werk in die nywerhede en verwante instellinge. As doelstelling word gestel die opbou van die koninkryk van God, wat insluit die vergadering, bewaring en uitbreiding van die kerk. Die gelowiges word begelei, toegerus en geaktiveer. Die vervreemdes word opgespoor. Deur die bearbeiding word die gelowige geleer om sy dagtaak te doen soos vir die Here. Hy moet deur woord en daad 'n getuie wees. Die nywerhede word gehelp om op Christelike grondslag te ontwikkel. Afbrekende magte in werkverband word bestry. Gedurig word bemark dat die arbeid 'n groot negatiewe uitwerking het op die fisieke, sosiaal-psigologiese en godsdienstige lewe van die mens.

Die Organe van Nywerheidsbediening

1. Die dagbestuur van die SKAE onderneem die werk onder leiding van die SKAE.
2. Die Nywerheidspredikant gee praktiese leiding. Sy taak is:
 - 2.1 Die onderneem van direkte geestelike werk in die werkplekke. Dit sluit in die verkryging van toegang en voortgesette arbeid.
 - 2.2 Die verskaffing van inligting aan gemeentes en ander instansies.
 - 2.3 Die aktivering en gee van leiding aan plaaslike gemeentes en ringe deur prediking en toespraak van kerkrade, ringe en ander kerklike en samelewingsinstansies.
 - 2.4 Die organiseer en administreer van die arbeid. Dit sluit in publisiteit en die insameling van die nodige fondse.

- 2.5 Die voortdurende toerusting en leiding gee aan die amptelike hulpkragte.
- 3. Daar word gebruik gemaak van verskillende komitees om onder leiding van die dagbestuur praktiese leiding te gee i.v.m. die werk. Hulle funksioneer volgens reglemente soos deur die SKAE goedgekeur. 'n Groot getal gewone gelowiges word in die komitees gebruik.
- 4. Nie-geordende hulpkragte en evangeliste word, soos benodig deur die betrokke kerke, op aanbeveling van die beheerkommissies aangestel.
- 5. Die beleid is om geen werkkragte aan te stel of uitbreidings te maak waarvoor daar nie fondse is en behoorlik begroot is nie. Alle uitbreidings wat fondse impliseer dien voor die Kommissie van Toesig en Kontrole.
- 5.1 Daar word gestreef na die grootste moontlike betrokkenheid van die hele kerk. Ons sien die arbeid as 'n hulpaksie vir die plaaslike gemeente. Trouens, alle fasette word onderneem in aansluiting by die kerklike patroon. In die nywerhede self moet egter steeds nuwe strukture geskep word. Die daarstelling van intieme verband tussen die geestelike werk en die arbeidsopset speel 'n groot rol.
- 5.2 Ons verleen voorrang aan die beginsel om plaaslike gemeentes self te aktiveer en te lei tot die onderneem van die arbeid. Nywerheidsbediening word, weens verskeie redes, direk deur Nywerheidsbediening gerig op die Spoorweë onderneem, in oorleg met en met gebruikmaking van plaaslike leraars.

Die Voorwerpe van die Arbeid

- 1. Die arbeid word slegs aan mense binne die werkverband verrig.
- 2. Dit is gerig op die personeel van 'n firma as 'n groep en as individue.
- 3. In die lig van die absolute eenheid van die werkgroep en omdat daar ook in 'n sekere sin namens die bestuur van die firma gearbei word, word daar gewerk onder alle werknemers, afgesien van ras, volk en geloofsoortuiging.

Werkmetodes

1. Die ideaal word gestel om elke werker deur 'n persoonlike gesprek te bereik. Daarom word elkeen besoek.
2. Kort geestelike byeenkomste word sover moontlik gereeld en maandeliks in elke werkplek vir elke groep werkers gehou.
3. Persone met probleme wat met arbeid saamhang, word in oorleg met die bestuur van die firma en die betrokke kerkraad gehelp. 'n Omvattende bediening word toegepas.
4. Daar word baie geestelike lektuur versprei. Die mens lees baie graag wat in sy werkplek aan hom uitgereik word.
5. Geestelike rolprente en skuifies word vertoon.
6. Die opset van die betrokke firma beïnvloed die praktiese inrigting van ons werk.
7. Afhangende van die omvang van 'n firma, kan dit nodig wees om tot twee dae in 'n maand aan 'n werkplek te bestee.
8. Die arbeid vereis gespesialiseerde toerusting van almal wat dit onderneem.
9. Dit is dikwels uiters moeilik vir 'n plaaslike gemeente om toegang tot 'n firma te kry. Nywerheidsbediening word as 'n professionele en gespesialiseerde organisasie toegelaat.